

AANDAG MNR MATTHYSEN, MUNISIPALE BESTUURDER, TWK
MUNISIPALITEIT

Hiermee lewer ek graag kommentaar op die Begroting soos dit voorgelê is aan die Wykskomitee van Wyk 1, Riviersonderend.

Eerstens wil ek die hele span gelukwens met die aanbieding in vergeleke met vorige jare. Dit is net jammer dat, met al die Direkteure en verskeie departemente verteenwoordig, daar weggeskram was van enige direkte vrae en antwoorde wat enige iemand kon beantwoord het. Dit was nie nuwe vrae nie, maar vrae wat ons elke jaar by die begroting se aanbieding vra.

1. TWK Munisipaliteit behoort as 'n besigheid bestuur te word. Dus moet alle uitgawes wat deur hulle aangegaan word van iewers verhaal word. Ons, by die BBV, het baie swaar gesluk aan u voorganger, mnr Wallace, se stelling dat daar meer geld op Riviersonderend spandeer word as wat hier geïn word.

Ons weet nou dat daar in die boekjaar 2017/2018 R9miljoen spandeer was en dat daar 'n inkomste van meer as R14miljoen verkry was. Die oorblywende R5miljoen het weereens in die bodemlose put, wat "kruissubsidering" genoem word, verdwyn. (Hierdie getalle is direk vanaf Caledon ontvang).

As ons verder na die begrotings van die afgelope 10 jaar kyk, kan ons sien dat die verhogings met reelmaat met meer as 11% gestyg het – wat voorspel dat Riviersonderend se inkomste met ten minste R3.5miljoen gaan styg. Dit bring die inkomste vanaf Riviersonderend op bykans R18miljoen, maar ons begrote uitgawes is afwaarts aangepas tot R7.5miljoen vir die boekjaar 2019/2020. Ons dorp ontvang nou net slegs die helfte van sy bydrae aan TWK. Die vraag ontstaan onwillekeurig, of dit dalk is omdat ons inwoners dalk te beskaafd is om ons infrastruktuur te vernietig.

Dit herinner sterk aan die legende van die dwase boer wat besluit het om sy donkie te leer om nie meer te vreet nie... Ongelukkig het die donkie gevrek net voordat hy sy les geleer het. Dit is swaar om so 'n legende te oorweeg, maar Ratings Africa het reeds jare gelede

gewaarsku dat TWK dit probeer doen, en dat hulle geld spandeer waarvan hulle nie weer 'n inkomste van kan genereer nie. (Die laaste getalle aan my bekend gemaak, is dat Grabouw 45% van TWK uitmaak en dat 47% van die inwoners van Grabouw behoeftiges is.) Riviersonderend word gesien as 'n dorp waar mense kan kom aflatte vanaf die Stad, maar die absolute belaglike huiswaardasies wat die Munisipaliteit hef, gepaardgaande met die buitensporige elektriese tariewe wat hulle hef, maak dit heel onmoontlik en verarm die pensioenarisste daagliks. Dit is nou goedkoper vir hierdie mense om in die Stad te bly, met die gerief van dokters, hospitale en supermarkte. Op Riviersonderend, het ons nie eens die gerief van geteerde strate nie. Wanneer die probleem met die dorpsbestuur bespreek word, bly die antwoord vir die afgelope 10 jaar al, dat daar nie geld is om verouderde infrastrukturue op te gradeer nie. Die geld word glo gebruik om essensiële dienste te verbeter. Die waternetwerk ('n essensiële behoeftie) is nogsteeds dieselfde as toe die dorp bykans 100 jaar gelede uitgelê is. Die 4 duim asbes pype is nou reeds geruime tyd by hulle leeftyd verby, maar die antwoord bly dat daar nie geld is om te vervang nie. Die kruissubsidering gaan steeds voort na ander dorpe, maar nie na Riviersonderend nie.

Daar word nou op 'n weeklikse basis geld vermors om gebarste pype te herstel teen 'n meter of twee op 'n slag, teen dubbel die koste want die pype breek meestal snags, oor naweke en in die winter (oortyd tariewe). In plaas daarvan om die hele pyp te vervang, word slegs die beskadigde gedeelte vervang en die volgende dag word die res van die pyp vervang.

Die uiteinde van die saak gaan wees, dat ons met 'n netwerk van stukkies gelaste pyp van 'n meter of twee gaan sit, met klampe op elke las wat roes en verweer sodra die gat toegegooi word. Dit wil werklik voorkom asof daar geen beplanning op die verspreidingsnetwerk gedoen word nie. Indien hierdie proses sou voortgaan, gaan die netwerk as 'n geheel ineenstort en dit behels astronomiese bedrae.

2. Die tweede punt waaroor ek moet praat is die grondpaaie op die dorp wat nie in stand gehou word nie. By die SLAAF is aangedui dat die eerste keer wat die strate vir 2019 geskraap moes word in Februarie was. Dit het nooit gebeur nie, want soos by vele vorige geleenthede, was die skraper wat ingehuur word, buite werking – en vir die twee weke wat hy op Riviersonderend moes werk, daar aan die skraper herstelwerk gedoen moes word. As die skraper wel operasioneel is, is daar of nie water om die paaie nat te maak, sodat dit gerol kan word nie, of die oppervlak is so uitgeskraap en kan daar nie ‘n “camber” op die pad geskraap word nie. Soos verduidelik by die vergadering, is daar nou ‘n masjien van etlike miljoen rand aangekoop om gate in die paaie te herstel. Die vraag ontstaan: Hoe dikwels gaan ons daardie masjien op ons dorp sien?

Na die onlangse storm wat Riviersonderend geteister het, en is die paaie nogsteeds verspoel, omdat daar nie geld is om gruis aan te koop nie, maar ons kruissubsideer nogsteeds ander dorpe sodat hulle teerpaaie kan kry.

Ons is baie dankbaar vir De La Vignestraat, waarvan die helfte geteer gaan word. Dit kon 6 jaar gelede, vir slegs R500 000 minder, in sy geheel gedoen gewees het, maar toe is die geld ook vir kruissubsidering op die ander dorpe gebruik. Indien enigiemand wil beweer dat Dè La Vignestraat nooit as ‘n prioriteit uitgewys was nie, wil ek net noem, dat ek, persoonlik, saam met Mnr Jan Barnard, Direkteur van TWK, by daardie betrokke Wykraadskomitee vergadering was. Daar was selfs kennisgewings aangebring om te toon dat die straat opgradeer gaan word.

Daar word nou meer as dubbel die geld spandeer om slegs die helfte van die pad te doen, maar ons uitgawes word besnoei na R7.5miljoen.

3. Die volgende saak wil ek nie heel aan die begin gaan haal nie, maar ek kan enige vrae aangaande die saak beantwoord.

Ek sal graag wil begin by die uitspraak van u voorgange, Mnr Wallace, wat gesê het dat Riviersonderend se waterkwessie ‘n verleentheid is vir die Munisipaliteit. Ons verwag elke jaar by die GOP dat daar aangekondig gaan word dat daar met die suiweringswerke vir die dorp begin gaan word. Elke jaar vind die Munisipaliteit nog ‘n rede oor

waarom dit nie kan gebeur nie. Die Munisipaliteit het blykbaar 'n onuitputbare bron van leuens en half-waarhede wat hulle van voorneme is om te gebruik om hierdie konstitusionele reg van die inwoners te vertraag tot in lengte van dae. Die inwoners is nou moeg om met afskeepwerk en flou verskonings tevreden te wees.

Ons sien uit na 'n skriftelike antwoord op hierdie skrywe en daadwerklike optrede in die toekoms.

Vriendelike groete,
Clive Sandenbergh
Voorsitter: RSEBBV